

Woensdag 4 Mei

Skrifgedeelte: Rigters 14:1-7 (1983- of 2020-vertaling)

Fokusgedeelte: Rigters 14:6

Die Here gebruik mense soms teen hulle grein in

In die boek Rigters staan daar meermale dat daar in daardie tyd nie 'n koning was nie en dat elkeen maar gedoen het wat hy wou (bv. Rigters 21:25). Die geskiedenis van Simson is hiervan 'n goeie voorbeeld. Sy optrede was dikwels gewelddadig.

- Hy het soms dinge gedoen wat teen die bepalings van die wette van die Ou Testament ingegaan het, soos hier om aan 'n dooie dier te raak.
- Ook sy verhouding met 'n Filistynse meisie was heeltemal buite orde. In vers 3 vermaan sy ouers hom dat dit verkeerd is, maar hy antwoord bloot in vers 4 dat sy vir hom die regte een is.
- Later (Rigters 16) het hy 'n verhouding met 'n prostituut aangegaan wat tot sy ondergang gelei het.

En tog, in Rigters 14 staan daar twee keer dat die Gees van die Here hom oorweldig het (vs 6, 19). In beide gevalle het gewelddadige optrede hierop gevolg. In vers 6 maak hy 'n leeu dood en in vers 19 dertig Filistyne. 'n Mens sou dink dat iemand soos Simson nie 'n goeie instrument vir die Here sou wees nie. Tog het God hom gebruik om die volk te verlos, eintlik teen sy grein in.

Dit het telkens deur die geskiedenis gebeur dat God mense gebruik wat eintlik nie gebruik wou word nie. Profete soos Jeremia wou nie die roeping aanvaar nie. In die Nuwe Testament het Jesus dissipels soos Petrus (wat Hom verloën) en die ongelowige Thomas gebruik. Partykeer kan dit vir 'n mens voel of jy nie waardig is om vir God te werk nie, dat jy onbekwaam en vol foute is. Juis dan moet ons besef dat God mense gebruik ten spyte van hulle tekortkominge. Die Gees werk in en deur God se kinders, dikwels ten spyte van ons.

Sing: Psalm 116-1:9

Prof. HF van Rooy (Herrie) (emeritus)